

18 Julie

Skrifgedeelte: Daniël 1:8-15 (NAV)

Fokusgedeelte: Daniël 1:8(a) *Daniël het hom voorgeneem om hom nie met die koning se kos en wyn te verontreinig nie.*

Naamsverandering – ons metode (2)

Ons staan voor die aanslae van Satan. Deur sluwe metodes wil hy ons naam verander – ons wegneem van die pad van God om agter hom aan te gaan. Ons sy kinders maak, soos Nebukadnesar van Daniël-hulle Babiloniërs wou maak. Bruikbaar in die ryk van die duisternis in plaas van in die Koninkryk van God.

Hoe moet ons weerstand bied? Daniël kon aan die naamsverandering niks doen nie, maar in sy hart was die vrese vir die Here, sy God. In die paleis van Nebukadnesar moes hy die koning se kos eet, wat ook afgodsoffers ingesluit het en kos wat volgens Israel se gebruike onrein was. *Daarom het hy hom voorgeneem om hom nie met die koning se kos en wyn te verontreinig nie.* Ons mag nie maar dinge wat gebeur gelate so aanvaar nie. Sover dit binne ons mag is, moet ons opstaan, weerstand bied. Daniël neem hom voor. Dit beteken letterlik hy het in sy hart, sy gedagtes, die dinge oorweeg en opgeweeg: Mag ek dit voor God doen? Is dit wat God wil hê? Ons kan sê hy het hierdie gedagtes voor God gebring, Hom gevra. Vers 9 dui daarop, want God tree op: Stem die hoofbeampte gunstig en simpatiek. Hy laat ook die proefneming slag.

Satan rig hom veral ook op die jeug. Daarom moet ouers hulle kinders grootmaak met die kennis en vrees vir die Here. Hulle moet die Here se Woord in die hart bêre (Ps 119:11 [OAV]) sodat hulle nie teen Hom sondig nie. Dieselfde moet ons doen. Die Bybel moet van ons bedkassie af in ons hart kom sodat ons daaglik daarvolgens kan lewe. Ons moet ons vir die stryd teen Satan met die Here Jesus Christus beklee. Dit kan ek nie uit eie krag doen nie. Trek die wapenrusting van God aan (Ef 6). Jou Bybel, gebed, gemeenskap met medegelowiges (Daniël betrek sy vriende).

God bied ons metodes teen die metodes van Satan. Oordink soos Daniël. Sy weë in jou hart. Leef by sy Naam, doen alles in sy Naam. Ja, leef as 'n mens oor wie die Naam van Jesus uitgeroep is.

Sing: Psalm 7:3 (1936)

Ds LD Aucamp (Emeritus)